
# 128 Gelukkig hy wat hulp verleen




As U ons daagliks, troue Heer, geen broodsgebrek laat ly nie,
sal ons dan nie ook altyd weer noodlydendes verbly nie?
Gee dat ons elkeen in verdriet en lyding, dankbaar bystand bied,
soos Jesus ook gedoen het.

o Christus, vriend in alle nood, die swakkes tot beskerming -
al wat U doen vir klein en groot, toon altyd u ontferming.
U het Uself tot in die dood gegee aan sondaars in hul nood -
sal ons nie dankbaar géé nie?

Skenk U aan ons van u goedheid tot leniging van smarte,
skenk U aan ons barmhartigheid en deernis in ons harte.
Wil U ons werk aan U verbind, dat ons daarin u wil mag vind
en so u Naam verheerlik.

Petrus Johannes Kasteleyn (1746-94) P. Sohren ((1630-92)